

**OMGEWINGSINVLOEDBEPALING:
BEOOGDE WINDENERGIE-AANLEG NABY COPPERTON,
NOORD-KAAP**



MAART 2012
DOS VERWYSINGSNR. 12/12/20/2099 **aurecon**

**OPDATERINGSBLAD:
FINALE OMGEWINGSINVLOEDBEPALINGSVERSLAG**

**Opdatering van die Konsep Omgewingsinvloedbepalingsverslag (OIBV)
na die Finale OIBV**

'n Aantal veranderinge is aan die Konsep OIBV gemaak op grond van die kommentaar wat vanaf B&GPe ontvang is. Inligting wat bygevoeg is, is onderstreep, terwyl inligting wat verwyder/ uitgehaal is, 'deurstreep' is. Die vernaamste veranderinge word vir gerieflikheidshalwe hieronder uiteengesit.

Algemene veranderinge aan die Finale OIBV:

'n Aantal onbeduidende veranderinge aan die Verslag is nie in die teks aangedui nie, insluitende:

- Die Konsep OIBV is opgedateer en staan nou bekend as die "Voorgestelde Windenergie-aanleg naby De Aar, Noord-Kaap: Finale OIBV; en
- Grammatikale en tipografiese veranderinge.

Ander veranderinge aan die Finale OIBV word direk hieronder uiteengesit

- Die plasing van die voorgestelde vliegveld is reggemaak en die aanloopbaan loop nou van noord na suid. Alle kaarte is opgedateer om hierdie gekorrigeerde plasing aan te dui. Die deskundiges het bevestig dat hierdie regstelling geen verandering in hulle beoordelings tot gevolg het nie.
- 'n Nuwe voorbeeld van die tipiese komponente van die windturbine se horisontale as is in Hoofstuk 3 ingesluit.
- Meer inligting omtrent die betonblaai langs die turbines wat benodig word vir elke turbine word verskaf in Hoofstuk 3.
- Die Proses van Openbare Deelname tot op datum is opgedateer en lys nou ook die sleutelkwessies wat tydens die kommentaartydperk vir die Konsep OIBV ontvang is.

Bylaes is opgedateer en sluit in:

Bylae B: Proses van Openbare Deelname vir die Finale OIBV-proses

- Die databasis van B&GPe is opgedateer;
- Kommentaar op die Konsep OIBV is ingesluit; en
- Die brief aan B&GPe oor die beskikbaarheid van die Konsep OIBV en 'n uitnodiging na die openbare vergadering is ingesluit.

Bylae C: K&AV

Kommentaar op die Konsep OIBV is in K&AV 4 beantwoord.

Bylae L: Spesifieke inligting verlang deur die DOS

Spesifieke inligting wat deur die DOS aangevra is, soos vormlêers ens, is op CD gesit en ingesluit vir die DOS se oorweging daarvan.

Bykomende inligting is vervat in 'n nuwe bylae (**Bylae M**). Dit bevat 'n brief van Plan 8 waarin hulle voorkeur-alternatiewe en die mitigasiemaatreëls wat hulle sal toepas, uiteengesit is.

Die Inhoudsopgawe waarin die Bylaes/ dokumente gelys is, is ook dienooreenkomstig in die Finale OIBV gewysig.

Die Konsep OIBV is nou, met die insluiting van hierdie Opdateringsblad, opgedateer tot die Finale OIBV. Bykomende inligting is vervat in Hoofstukke 1, 3, 4 en 5. Bylaes B, C en L is ook opgedateer. 'n Nuwe Bylae M is ook bygevoeg.

Volgende Stappe

- Hierdie Opdateringsblad is aan alle geregistreerde B&GPe op die databasis gestuur.
- Die K&AV 4 is gestuur aan alle B&GPe wat skriftelik op die Konsep OIBV kommentaar gelewer het.
- Die Finale OIBV is vanaf 19 Maart 2012 vir die publiek beskikbaar gestel by dieselfde plekke as die Konsep OIBV, sowel as op Aurecon se webblad. B&GPe het 21 dae to 13 April 2012 om die Finale OIBV deur te gaan en enige bykomende kommentaar te lewer wat na hulle mening deur die owerhede tydens die beoordeling van die OIB-proses in ag geneem moet word.
- Die Finale OIBV vir oorsig en besluitneming by onderskeidelik die Noord-Kaapse DOS&NB en die DOS ingedien word.
- Die DOS sal die Finale OIBV (tesame met K&AV Weergawe 4) binne 60 dae deurgaan en dan:
 - Die verslag aanvaar;
 - Die aansoeker in kennis stel dat die verslag deurgestuurd is vir deskundige advies;
 - Veranderinge aan die verslag versoek; of
 - Die verslag verwerp indien dit nie aan die regulasies voldoen nie.
 Indien die verslag aanvaar word, moet die DOS binne 45 dae:
 - 'n Magtiging uitreik vir die hele of gedeelte van die aktiwiteit waarvoor aansoek gedoen word;
 - 'n Magtiging vir die hele of gedeelte van die aktiwiteit weier.

Sodra die DOS sy besluit oor die voorgestelde projek bekendgemaak het, sal alle geregistreerde B&GPe op die databasis binne 12 dae kalenderdae nadat die Omgewingsmagtiging uitgereik is, van hierdie besluit in kennis gestel word. Indien enige persoon (lid van die publiek, geregistreerde B&GPe of die Applikant) teen die DOS se besluit wil appelleer, moet 'n Kennisgewing van die Voorneme om te Appelleer, kragtens Hoofstuk 7 van die WNOB se OIB-regulasies (Goewermentskennisgewing Nr. 543), binne 20 kalenderdae vanaf die uitreiking van die besluit by die Minister van Waterwese en Omgewingsake ingedien word; en moet die volledige Appèl binne 30 dae vanaf hierdie kennisgewing ingedien word.

Aurecon wil graag almal bedank wat tot op hede aan die OIB-proses deelgeneem het.